Dienssentrum vonkel op 40 jaar

PETRO BOSMAN

'n VEERTIGSTE verjaardag vra vir glase vol vonkel en tiekiedraai, maar ook vir terugkyk en besin. Die Tygerberg Dienssentrum en Meals on Wheels in Parow het verlede week dié groot mylpaal ook met groot dankbaarheid gevier.

Talle senior lede van die sentrum – die dag se eregaste – asook donateurs, raadslede en ander rolspelers het in Edgemead se gemeenskapsentrum saamgekuier om die okkasie te vier. Tafels was pragtig versier, die kos onverbeterlik en die vrolike samesyn is gebind deur mense se gemeenskaplike diens aan die sentrum.

Mev. Linda Louw, bestuurder van die sentrum en met 20 diensjare op haar kerfstok, het vertel dat hulle weekliks sowat 1100 mense kosgee. Dit sluit al hulle voedingskemas in. "Soms weet ons nie hoe ons dit gaan regkry nie. Maar ons het ook geleer die Here voorsien altyd as ons sy werk hier op aarde doen. Ons steun swaar op ons talle vrywilligers en mense moet altyd onthou: hoe meer jy gee, hoe meer ontvang jy," het sy gesê.

Rolspelers. Van links is mev. Linda Louw, bestuurder van die Tygerberg Dienssentrum, mnr. Vernon Solomon van PCFA-korttermynversekering in Bellville, wat al baie donateurs na die sentrum verwys het, mev. Charmaine Barreiro van Toggs Sports in Parow wat die saal in Edgemead vir die 5de jaar vir die dienssentrum gegee het om hul geselligheid in te hou, en mev. Patricia Ellis, sekretaresse wat al vir 11 jaar by die dienssentrum werk. Foto's: Petro Bosman

Dié onbaatsugtige naastediens vloei ook sterk in die familiebloed, want benewens Linda het haar suster, Marie (ook Louw) en die ander suster, Elize Bester, almal noue bande met die dienssentrum. Nadat die dienssentrum in 1969 geopen het, het mev. Marie Louw die sentrum bestuur. In 'n vorige onderhoud met *TygerBurger* 'n paar jaar gelede het Linda dan ook gesê dat gemeenskapsdiens vir dié drie susters so natuurlik is soos asemhaal.

In 'n video-insetsel is die dienste wat die sentrum lewer, ook weer gewys. Sommige bejaardes wat hulp benodig, word tuis deur vrywilligers gehelp wat vir hulle sal gaan inkopies doen of medisyne afhaal.

Meals on Wheels lewer dan ook kos af by huisgebonde bejaardes. Die publiek, wat die sentrum ingelig hou oor mense se behoeftes, lewer hier ook 'n waardevolle bydrae.

Die sentrum se voedingskema, wat kos aan talle behoeftige groepe uitdeel, is ook nie moontlik sonder die hulp van sy vrywilligers nie. Met die taai ekonomiese toestande het hulle ook ervaar dat meer mense van buite die sentrum se grense by hulle om hulp aanklop, het Linda gesê.

Vervoer word ook deur die sentrum verskaf om sommige lede daarheen te vervoer of dokter toe te neem. Vir Linda was dit nog altyd baie belangrik om die bejaardes in die omgewing kreatief te stimuleer met programme wat hulle by die sentrum aanbied, en daarom moet almal daar kan uitkom.

Gemeenskapsuitreikprogramme is ook deel van hul CV, soos steun aan skuilings vir mishandelde vroue en kinders en werk onder gevangenes. Dié hulp strek dikwels ook ver buite die sentrum se grense.

'n Mobiele kliniek, Health on Wheels, is in 1994 begin. Dié diens word deur die departement van gesondheid ondersteun en mense wat nie basiese gesondheidsorg kan bekostig nie, word deur dié kliniek, wat by talle gemeenskappe in die Tygerberg aandoen, gehelp of vir verdere mediese sorg verwys.

Mnr. James Vos, raadslid, het in sy toespraak gesê die Stad Kaapstad glo dat die versorging van sy bejaardes 'n belangrike plig is. "Ons moet meer uitreik na die kwesbares en ook die dienssentrum salueer vir alles wat hy vermag," het hy gesê. "Een van ons uitdagings is om ons ouer mense se behoefte aan gesondheidsorg te steun en hulle ook te wys waarheen hulle moet gaan vir hulp van watter aard ook al," het Vos gesê.

Mnr. Freddie Kearns, voorsitter van die Tygerberg-subraad, het seniors ook herinner dat hulle by die Stad Kaapstad kan reëlings tref vir afslag wat hule water- en kragtariewe betref. "Neem net u ID-boek saam na die naaste munsipale kontakpunt om reëlings te tref."